# PRESTE JOÃO [PRIESTER JAN] EN DIE PORTUGUESE OMSEILING VAN DIE SUIDPUNT VAN AFRIKA

**O.J.O. Ferreira**
*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002*

**Preste João [Prester John] and the circumnavigation of the southern tip of Africa by the Portuguese**

The Moslem threat in the Middle Ages led Europeans, especially the Portuguese, to search for the legendary Christian priest-king, Prester John, as an ally. Originally they believed his mighty empire to be somewhere in Central Asia, but gradually the search shifted to an indeterminate "India", and still later to north-east Africa, until eventually it was concentrated on Ethiopia [Abyssinia]. The myth of Prester John was of the utmost importance to the Portuguese monarchy, because it was necessary to convince the pious and gullible advisors, on religious grounds, that the voyages of discovery were meant to find Prester John, whereas in fact they were intended to discover a route to the spice-rich East. When no genuine Prester John could be found, the successive Christian rulers of Ethiopia were presented as such, right up to the 17th century. The myth had far-reaching consequences including the circumnavigation of the southern tip of Africa.

**Key words:** Abyssinia, Central Asia, Ethiopia, India, legends, myths, Portugal, Portuguese, Preste João, Prester John, Southern tip of Africa, voyages of discovery

Die Moslem-bedreiging het die Middeleeuse Europeërs, en by name die Portugese, na 'n legendariese Christen priester-koning, Preste João, as bondgenoot laat soek. Aanvanklik is gemeen dat sy magtige ryk iewers in Sentraal-Asië geleë was, maar mettertyd het die soektog na hom na 'n onbepaalde "Indië" verskuif en nog later na noordoos-Afrika, totdat uiteindelik op Ethiopië (Abessinië) gekonsentreer is. Die mite van Preste João was vir die Portugese vorste van die allergrootste belang om hulle huiwerende, maar merendeels gelowige en liggelowige raadgewers op godsdienstige gronde te oortuig dat met die ontdekkingstogte na die Priester-koning, maar eintlik na die speseryryke Ooste voortgegaan moes word. Toe 'n ware Preste João nie gevind kon word nie, is die opeenvolgende Christen-heersers van

Ethiopië tot in die 17de eeu as sodanig voorgehou. Die mite het verreikende gevolge gehad en het onder meer tot die omseiling van die suidpunt van Afrika gelei.

**Sleutelwoorde:** Abessinië, Ethiopië, Indië, legende, mite, ontdekkingstogte, Portugal, Portugese, Preste João, Priester Jan, Sentraal-Asië, Suidpunt van Afrika

## Die ontstaan van die Preste João-legende

’n Gebrekkige kennis van verre lande en kinderlike liggelowigheid het in die Middeleeue daartoe gelei dat sommige Europeërs die vrugte van hulle verbeelding later as die werklikheid begin aanvaar het. Dit was ook in ’n mate die geval met die Portugese se siening van Preste João en sy ryk.

Die legende van Preste João het waarskynlik sy oorsprong in 1122 gehad na aanleiding van die Aartsbiskop van Indië se besoek aan Konstantinopel en die Patriarg van Indië wat pous Callixtus II (†1124) in Rome besoek het, maar geen bewyse bestaan bewyse dat hierdie besoeke wel plaasgevind het nie en daarby moet onthou word dat die Europeër se begrip van “Indië” op daardie tydstip vaag was.[1]

Die legendariese priester-koning Preste João het in die kroniek, *Chronica Sive Historia de Duabus Civitatibus*, sy eerste verskyning in 1145 in die Westerse literatuur gemaak wat deur biskop Otto (1112-1158) van Freising in Beiere geskryf is. In die geskrif beweer die biskop dat hy die vorige jaar ene Hugo, die biskop van Gabala in Sirië, die huidige Gebal of Biblos in Libanon, aan die hof van pous Eugenius III (†1153) in Viterbo ontmoet het. Hugo was ’n afgesant van prins Raymond (1099-1149) van Antiochië wat na die beleg van Edessa in 1144 in die Weste hulp teen die Sarasene kom vra het. Dit het pous Eugenius tot die besluit gebring dat ’n tweede kruistog onderneem moes word. Hugo het vertel dat Preste João, ’n Nestoriaanse Christen wat tegelyk ’n priester en ’n koning anderkant Persië en Armenië was, die stad Ecbatana van die Mede en Perse verower het. Volgens die kroniek was Preste João ’n afstammeling van een van die Magiërs, die wyse manne uit die Ooste wat vir die Jesuskind geskenke gebring het. Hugo het ook beweer dat Preste João uitsonderlik ryk was, soos sy septer van soliede smarag bewys het. Preste João wou ’n kruistog na Jerusalem onderneem om die heilige plekke van die Sarasene te bevry, maar die Tigrisrivier was in vloed. Hy het ’n tyd lank by die rivier vertoef met die hoop dat die water bevrore sou raak en hy dit kon oorsteek, maar moes uiteindelik teleurgesteld na sy land terugkeer omdat die visioen wat hy gehad het, nie

[1] http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John & http://www.newadvent.org/cathen/12400b.

bewaarheid is nie. Otto se verhaal is helaas ’n vermenging en verwarring van werklike gebeure. In 1141 het Yeh-lü Ta-Shih [ook Yeliutashi of Yeliutasji], heerser van die Kara-Khitai-ryk, die Seljuk Turke van Persië, onder sultan Sanjar, by Qatawan [Katvan], naby Samarkand, ’n stad in Wes-Turkestan, verower en sy posisie aldaar tot 1143 gehandhaaf. Dié Turke het destyds oor Persië regeer en was die magtigste groep in die Moslem-wêreld en die nederlaag by Samarkand het hulle aansienlik verswak. Yeh-lü Ta-Shih was nie ’n Christen nie en hy is ook nooit Preste João genoem nie, hoewel van sy ondergeskiktes wel Nestoriaanse Christene was – wat tot die ontstaan van die legende aanleiding kon gegee het. In 1145 is die bestaan van die legendariese heerser bevestig deur ’n Siriese biskop wat Rome besoek en ’n brief getoon het wat onderteken was deur ene Preste João, die heerser oor ’n ryk wat iewers tussen Persië en Armenië geleë was.[2]

In 1165 het Preste João [**Fig. 1**] ’n omsendbrief gestuur aan pous Alexander III (†1181) en die Christelike vorste van Europa, soos Emanuel I Comnenus (1143-1180), die keiser van die Bisantynse ryk, en Frederick I Barbarossa (*ca*.1123-1190), die keiser van die Heilige Romeinse Ryk. In die brief het Preste João daarop aanspraak gemaak dat hy die magtigste koning op aarde is, asook die mees ortodokse van alle Christene.[3] Die mededelings van rykdom en towerkrag in die brief het die verbeelding van die Europeërs aangegryp en dit is in talle tale, waaronder Hebreeus, vertaal en in ’n versierde vorm versprei. Nadat drukkuns uitgevind is, het dit verder in populariteit toegeneem.[4]

---

2 J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, p. 54; D.J. Potgieter (ed), *Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA)* IX (Nasou, Cape Town, 1973), p. 99; K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors, 1460-1580* (Barnes & Noble, New York, & Methuen & Co., London, 1970), p. 12; W.J. de Kock, *Die Portugese ontdekkers om die Kaap: die Europese aanraking met Suidelike Afrika, 1415-1600* (A.A. Balkema, Kaapstad, 1957), p. 30; J.C. Pereira (ed), *Dicionário ilustrado da história de Portugal*, II (Publicações Alfa, Estella, 1986), p. 127; J.C. Amado, *História de Portugal*, I (Verbo Juvenil, MemMartins, 1983), pp. 82-83; http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John, http://www.newadvent.org/cathen/12400b & http://www.philaprintshop.com/presjohn.

3 S.R. Welch, *Europe’s discovery of South Africa* (Juta & Co., Cape Town & Johannesburg, 1935), p. 31; D.J. Potgieter (ed), *SESA* IX, p. 99; K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p.12.

4 J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, p. 54; *Encyclopædia Britannica* XVIII (Encyclopædia Britannica, Inc., Chicago, London, etc., 1966), p. 480; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 35, n.45; http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John & http://www.newadvent.org/cathen/12400b.




**Figuur 1. Denkbeeldige Middeleeuse voorstelling van Preste João. Let op die kruisbeeld bokant sy troon en sy "pouslike" houding.**
(Uit: W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap* (A.A. Balkema, Kaapstad, 1957), p. 31)

Baie jare later, nadat Yeh-lü Ta-Shih reeds van die toneel verdwyn het, het die verhaal van sy sukses teen die Moslems pous Alexander III in erg aangedikte vorm bereik. Dit het 'n relaas geword waarin 'n Christenvors van ongekende mag en rykdom iewers in "Indië" die Moslems tydens 'n geweldige veldslag verslaan het. Die brief het so 'n indruk gemaak dat pous Alexander III op 27 September 1177 van Rialto in Venesië 'n brief met sy afgesant en persoonlike lyfarts, Magister Philippus, na Preste João gestuur het. Die merkwaardige brief was aan die "geliefdste seun in Christus, die beroemde en deurlugtige koning van die Indiës, die hoogheilige Priester" gerig met die hoop dat hy 'n goeie bondgenoot kon wees teen die Moslems wat in daardie stadium 'n groot bedreiging vir die Christendom ingehou het.

Alexander III het Preste João uitgenooi om hom by die Rooms-Katolieke Kerk aan te sluit, maar hy het hom ook vermaan om nie te trots op sy mag en rykdom te wees nie. Philippus sou self die brief aflewer, maar sy soektog na die geadresseerde was natuurlik tevergeefs. Daarmee het die soektog na "Indië" in alle erns 'n aanvang geneem. Maar die begrip "Indië" was in die Middeleeue uiters vaag en het die hele Asië ingesluit. Van Philippus is nooit weer gehoor nie. Navorsers vermoed dat die brief van Alexander III in werklikheid 'n vervalsing was en dat dit deur Jode in die noorde van Italië in Latyn opgestel en deur latere interpolasies aangevul is.[5]

In 1221 het Jacques de Vitry, die biskop van Acre [Accho], van die rampspoedige Vyfde Kruistog (1218-1221) teruggekeer met die goeie nuus dat koning David van Indië, die seun of kleinseun van Preste João, die Perse verslaan het en voorberei het om die Sarasene aan te val. Hy was ook van voorneme om Jerusalem te herower en te herbou. Later het dit geblyk dat hierdie "koning David" nie 'n Christelike monarg was nie, maar die Mongoolse heerser, Genghis Khan (*ca*.1162-1227). Later is die "Preste João" geïdentifiseer as Toghrul Beg (*ca*.990-1063), stigter van die Seljuk-dinastie wat oor Iran, Sirië en Klein-Asië regeer het en die pleegvader van Genghis Khan was. Volgens Marco Polo (*ca*.1254-1324), die Venesiaanse ontdekkingsreisiger, was Preste João en Genghis Khan later in 'n oorlog teen mekaar gewikkel omdat Preste João nie toestemming wou gee dat sy dogter met Genghis trou nie. Genghis het as oorwinnaar uit die stryd getree. Die ware historiese figuur in hierdie stryd was Toghrul, 'n Nestoriaanse Christen wat deur Genghis verslaan is.[6]

Die negatiewe afloop van die Kruistogte van die 11de tot die 13de eeu, die taning van die pouslike gesag en die Moslem-bedreiging van die magtige Ottomaanse Turke sedert ongeveer 1300, het die Europese Christendom laat smag na 'n sterk bondgenoot. Hulle hoop was op die legendariese Preste João gevestig.[7]

---

5 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 30-31 & 35, n.45; J.C. Pereira (ed), *Dicionário ilustrado da história de Portugal* II, p. 127; J.C. Amado, *História de Portugal* I, pp. 82-83; J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, p. 54; *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 480; http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John & http://www.newadvent.org/cathen/12400b)

6 *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 481; http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John. Vgl. ook *The travels of Marco Polo* (Dent, London, 1983), pp. 119-120.

7 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 30.

## Die naam Preste João

Die naam Preste João [Portugees], Presbiter Johannes of Priester Jan [Nederlands], Priesterkönig Johannes [Duits] en Prester of Presbyter John [Engels] is afkomstig van ’n antieke, apokriewe tradisie waarin die skryf van die briewe van die apostel Johannes in die Nuwe Testament dikwels aan hom toegedig word. Dit wil trouens voorkom asof die naam Johannes die spil is waarom die legende geskep is en dat dit nie noodwendig sy oorsprong by enige historiese figuur gehad het nie.[8]

In Europa was selfs diegene wat geglo het dat Preste João niemand anders as die apostel Johannes was nie. Hoe is dit moontlik dat hulle kon geglo het dat die apostel Johannes eeue lank kon geleef het. Die antwoord is te vinde in die Nuwe Testament in Johannes 21, vers 22, waar staan: “As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan?”[9]

Party hedendaagse geleerdes is van mening dat die naam Jan/João/John moontlik sy oorsprong het in die benaming •*an Hoy* [My Heer], die wyse waarop Ethiopeërs hulle heerser aanspreek, maar dit is onwaarskynlik want die titel •*an* het eers in die 16de eeu in gebruik gekom.[10]

Oorlewering wil dit hê dat Preste João vir hom die eenvoudige titel, *Presbyteratus Nomine*, of dan Preste, Prester, Presbyter of Priester, toegeëien het vanweë sy nederigheid, maar ook omdat geen ander titel aan sy wêreldlike en geestelike gesag uitdrukking sou kon gee nie.[11] [**Fig. 2**] Die Portugese “Preste” is waarskynlik ’n afkorting van die Portugese woord “presbítero” [“presbiter” in Afrikaans], afgelei van die Griekse woord “presbuteros”, wat in die vroeë Christelike kerk “ouderling” beteken het. In sommige hiërargiese kerke is die amp van ’n presbiter gelykstaande aan dié van ’n priester.[12]

Aan die begin van die 15de eeu het Ethiopiese priesters in Jerusalem hulle land van herkoms aan Christelike Portugese handelaars as die koninkryk van Preste

---

8 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 194, n.55; H. Strelocke, *Portugal: Vom Algarve zum Minho* (DuMont Buchverlag, Köln, 1983), p. 29; *Encyclopædia Britannica* XVIII , p. 481.

9 J.C. de Craft-Johnson, *African glory: the story of vanished Negro civilizations* (Watts & Co., London, 1954), p. 125.

10 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I*: From Lusitania to Empire* (Columbia University Press, New York & London, 1972), p. 137; *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 481.

11 K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 12; *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 480.

12 F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Pearson Education, Kaapstad, 2005), p. 888.

João beskryf,[13] maar toe ambassadeurs van keiser Zara Yaqob van Ethiopië in 1441 die Konsilie van Florence bygewoon het, was hulle verward om te hoor dat die prelate voortdurend na hulle heerser as Preste João verwys het. Hulle het die aanwesiges daarop gewys dat onder hulle keiser se koninklike benamings nêrens so eretitel voorkom nie. Maar die Europeërs wou Preste João in Ethiopië hê en het die heerser aldaar as sodanig betitel.[14]



**Figuur 2. Preste João, uitgebeeld as die Christenvors wat Nagmaal bedien – kompleet met ligkrans om sy hoof.**
(Uit: www.historyguide.org/earlymod/prester_john)

[13] http://www.newadvent.org/cathen/12400b.
[14] http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John.

Dit wil voorkom asof Preste João uiteindelik ’n soort oorerflike titel geword het, want in die tydperk van 1492 tot 1526 wat Pero da Covilhã hom in Ethiopië bevind het, het drie agtereenvolgende Preste Joãos mekaar opgevolg met die onderskeie name Eskander [ook Iskander of Alexander], sy broer Nahum [Naod] en Nahum se seun David.[15] Volgens Ethiopiese geskrifte was David se regte naam Lebna Dengel Dawit en het die Moslems en die Ethiopiërs na hom as “Keiser” verwys, maar nooit as “Preste” nie. Terwyl David minderjarig was, het Helena, sy stiefgrootmoeder, as regentes opgetree. Sy skone koningin was Sabla Vangel.[16]

## Geografiese ligging van die ryk van Preste João

Sedert die middel van die 12de eeu was die Europeërs gefassineer deur gerugte oor ’n magtige en ryk Christenvors wat iewers buite die destyds bekende wêreld regeer het.[17] Preste João se ryk het heen en weer oor Asië verskuif; dan was dit agter die Persiese berge geleë, dan weer in die hedendaagse Indië en dan weer op die verafgeleë Mongoolse steppe naby Sjina, om uiteindelik weswaarts in die bergwêreld van Ethiopië tot rus te kom;[18] ’n landstreek wat ook as Abessinië bekend gestaan het.[19]

Met die koms van die Mongole na die westerse wêreld, het die ryk van Preste João geleidelik na Sentraal-Asië of onbepaalde gebiede in Indië verskuif. Op ’n Kataloniese kaart uit 1373 word Christelike ryke in Indië aangedui. Die plasing van Preste João se ryk in Indië het waarskynlik sy oorsprong in die apostel Thomas se besoek aan dié kontinent. Aanvanklik was die gebied “Indië” vir die Europeërs ’n vae begrip. Skrywers het dikwels na die “Drie Indiës” verwys en omdat hulle geen werklike kennis van die Indiese Oseaan gehad het nie, het hulle dikwels Ethiopië as een van die Indiës beskou. Volgens die Middeleeuse geografie het Asië nie by die Rooi See begin nie, maar by die Nyl, sodat Ethiopië [Abessinië] daarby ingesluit

---

15 J. dos Passos, *The Portugal story: three centuries of exploration and discovery* (Robert Hale & Co., London, 1969), p. 157; M. Kaplan, *The Portuguese: the land and its people* (Penguin Books, London,, 1991), p. 34.

16 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John* (Hutchinson & Co., London, etc., 1943), pp. 50 & 66.

17 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers* (Chelsea House Publishers, New York & Philiadelphia, 1993), p. 65.

18 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 8.

19 Ter wille van eenvormigheid word in hierdie artikel deurgaans die naam Ethiopië gebruik, maar baie bronne verwys na die gebied as Abessinië omdat dít die naam was waarmee Europeërs tydens die Middeleeue na dié landstreek verwys het. *The last two million years* (Reader’s Digest Association, London, etc., 1974), p. 383.

was. Die naam Indië het destyds ook 'n gedeelte van noordoos-Afrika ingesluit. In werklikheid het verskillende gebiede dus die naam Indië gedra.[20]

Uit die sogenaamde briewe van Preste João het navorsers afgelei dat sy ryk in Indië en meer spesifiek aan die Malabarkus in die suide van Indië moes gewees het. In die briewe word Indië verskeie kere genoem, terwyl Kalikoet, een van die belangrikste hawestede aan die Malibarkus, by name vermeld word. Ook die verwysings na die aanwesigheid van die peperplant en soldate wat op olifante gery het, dui op Indië as die moontlike lokaliteit vir die ryk. Dié verwarring van Indië met Ethiopië het waarskynlik ontstaan omdat handelaars uit Ethiopië nagelaat het om aan Europeërs te sê dat hulle slegs tussenhandelaars van Indiese produkte was en dat die produkte wat hulle in Kaïro verkoop het, nie uit Ethiopië of elders uit Afrika gekom het nie. Bowendien het Preste João in sy briewe na swart priesters verwys, wat Europeërs dadelik met Afrika geassosieer het, terwyl Christen-priesters met 'n donker velkleur ook in Indië werksaam was.[21]

Aangesien reisigers en gesante Preste João nie in Indië of Sentraal-Asië gevind het nie, het kartograwe begin om sy ryk iewers in die binneland van Oos-Afrika te plaas.[22] In 1316 het 'n groepie Dominikane in opdrag van pous Johannes XXII (1249-1334) tot so ver as Ethiopië op 'n sendingreis gegaan. Met hulle terugkoms het hulle gerapporteer dat die heerser van die gebied Preste João was.[23] Teen 1350 het die soeke na Preste João dus van Indië na Ethiopië verskuif. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat Jordan de Sévérac, 'n Dominikaanse monnik, Indië besoek het en nie daarin kon slaag om Preste João op te spoor nie. Die monnik het, helaas, oor weinig kennis aangaande Ethiopië beskik en sy beskrywing van die land was hoofsaaklik op verbeeldingsvlugte gegrond, maar sy siening is spoedig oral in Europa aanvaar.[24] De Sévérac was dus waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die eeue oue Christen-koninkryk in Ethiopië as die belowendste terrein voorgekom het. Die Christendom is reeds in die 4de en 6de eeu na Ethiopië gebring en het aldaar 'n vermenging met Moslem-, heidense en Joodse elemente beleef wat tot die ontstaan van die Koptiese Christendom gelei het en wat tans nog bestaan.

---

20 http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John & http://www.newadvent.org/cathen/12400b; A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 137; M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África* (Centro de Estudos de História e Cartografia Antiga, Lisboa, 1988), p. 14.


21 http://faculty.biu.ac.il/'barilm/presjohn; E.N. Adler (ed), *Jewish travellers in the Middele Ages* (Dover, New York, 1987), p. 224.

22 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers*, p. 65.

23 G. Renault, *The Caravels of Christ* (George Allen & Unwin Ltd., London, 1959), p. 91.

24 *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 481.

Nadat Egipte in 640 n.C. deur die Moslems verower is, is Ethiopië vir nagenoeg sewe eeue van die Christelike wêreld afgeskei en deur die Europeërs byna vergeet. Ethiopië was dus ’n misterieuse land en uiters geskik as toneel van die Preste João-sage wat teen daardie tyd dikwels in prosa en poësie neerslag gevind het.[25]




**Figuur 3. Anonieme kaart uit 1502 van Afrika suid van die ewenaar waarop ’n tekening van Preste João voorkom en die ligging van sy ryk aangedui word as synde by die oorspronge van die Nylrivier.**

(Uit: E.G. Ravenstein, *The voyages of Diogo Cão and Bartholomeu Dias, 1482-88*. Pretoria: The State Library, 1986. Facsimile reprint from *The Geographical Journal*, 16(6), December 1900, pp. 625-650)

25 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 31-32.

’n Kaart uit 1447 toon torings aan die voet van die Kaukasusgebergte met die byskrif dat die torings deur Preste João gebou is om die Tartare se opmars teen hom te stuit.[26] Op ’n anonieme kaart uit 1502 wat op ’n Londense veiling deur ’n Franse geleerde, dr, E.-T. Hamy, gekoop en in 1896 deur hom gepubliseer is, verskyn besuide die 5de breedtegraad en regoor Sofala [*Zafalla* op die kaart] ’n afbeelding van ’n gemyterde biskopsfiguur *Prete-Iam* met ’n kruisstaf [**Fig. 3**] – duidelik ’n voorstelling van Preste João. Tot teen die middel van die 16de eeu is afbeeldings van Preste João [**Fig. 4**], die heraldiese wapen van die koningshuis van Portugal en die windroos dikwels as versiering op kaarte van Suidelike Afrika gebruik om die gebrek aan kennis oor die binneland te verbloem.[27]




**Figuur 4. ’n Voorstelling van Preste João op ’n kaart wat deur ’n anonieme kartograaf geteken en in Sebastião Lopes se atlas (*ca*.1565) opgeneem is. Die atlas word in die Newberry Biblioteek, Chicago, bewaar.**
(Uit: E. Axelson (Ed.), *Dias and his successors* (Saayman & Weber, Cape Town, 1988), p. 135)

26 http://www.newadvent.org/cathen/12400b.
27 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 229 & 272.

Vir alle praktiese oorwegings is die ryk van Preste João as ’n uitgestrekte “Indiese” ryk voorgestel wat in omvang met die grootte van die Romeinse Ryk van ouds vergelyk kon word. Waar die suidelike grens was, wis niemand nie, want die binneland van Afrika was in daardie stadium heeltemal onbekend. Hoewel Preste João ’n “Indiese” vors was, is sy ryk in Afrika gesoek. Hierdie verwarring het vanselfsprekend ’n invloed op die beplanning van die Portugese ontdekkingstogte in die 15de eeu gehad. Wanneer na Ethiopië verwys is, is dikwels daarmee bedoel die hele Afrika suid van die Sahara en het dit die oorspronge van die Nyl ingesluit.[28] Gedurende die 15de eeu is algemeen aanvaar dat ’n tak van die Nylrivier weswaarts vloei en in die Atlantiese Oseaan uitmond. Iewers by die oorsprong van hierdie rivier – in Ethiopië of selfs in Indië - sou die ryk van Preste João dan gewees het. Soms is selfs gemeen dat die ryk van Preste João suid van die ewenaar geleë was, maar nadat die Portugese aan die begin van die 16de eeu met hulle verkenning van die binneland van suidelike Afrika begin het, het hulle vasgestel dat die magtige ryk van Monomotapa waarskynlik tot dié verwarring gelei het.[29]

Die eerste Portugees wat probeer het om die ryk van Preste João af te baken, was die geskiedskrywer João de Barros (1496-1570). [**Fig. 5**] In 1563 het hy geskryf dat die ryk tussen die Nylrivier en die Rooi See geleë is en suid en noord ongeveer deur 6° en 19° Noorderbreedte begrens word. Hierdie afbakening het ’n groot deel van die vroeëre veronderstelde omvang van die ryk afgesny.[30]

Die Portugese was so oortuig daarvan dat Ethiopië [Abessinië] die tuiste van Preste João was dat hulle die gebied van die 15de tot die 17de eeu *Terra do Preste* [Land van die Preste] genoem het. Eers teen die einde van die 17de eeu is hierdie opvatting deur die Duitse oriëntalis Hiob Ludolf [Job Leutholf] (1624-1704) die nek ingeslaan in ’n omvangryke studie oor Ethiopië [Abessinië], wat in 1681 in Frankfurt gepubliseer is.[31]

**Preste João se lewenswyse en voorkoms**

Aanvanklik is geglo dat Preste João oor ’n uitgestrekte gebied met baie onderdane regeer het en dat hy nie minder nie as 72 konings as sy ondergeskiktes gehad het.[32]

---

28 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 32; C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies* (Constabel, London, 1974), p. 154.

29 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, pp. 36 & 73-74; K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 12.

30 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 113.

31 http://www.newadvent.org/cathen/12400b.

32 K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 13.

Buitensporige verhale omtrent Preste João het in Europa die ronde gedoen, soos dat hy 30 000 persone op feesmale aan sy tafels van smarag onthaal het, terwyl twaalf aartsbiskoppe aan sy regter- en twintig biskoppe aan sy linkerkant gesit het.[33] Aan sy hof was die hoofbediendes ’n aartsbiskop en ’n koning, terwyl die hoofkok ’n koning en ’n prior was, dit wil sê die hoof van ’n manneklooster.[34] Dit was glo benede die waardigheid van Preste João om self te eet. Bediendes het dus sy kos in in balletjies gerol, in souse gedoop en in sy mond gedruk.[35]




**Figuur 5. João de Barros se 1563-afbakening van die grense van die ryk van Preste João word met ’n pyl aangedui.**

(Uit: M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África* (Centro de Estudos de História e Cartografia Antiga, Lisboa, 1988), p. 112)

---

33 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825* (Carcanet, Lisbon, 1991), p. 20.

34 *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 480.

35 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John,* p. 123.

Volgens oorlewering het fabelagtige monsters, figure en landskappe in die ryk van Preste João voorgekom.[36] Die fauna binne sy ryk het tipiese middeleeuse drake en monsters ingesluit, byvoorbeeld ’n salamander wat in die vuur geleef het,[37] asook visse wat purper geproduseer en reuse miere wat goud gedelf het. Oorlewering wou dit hê dat die land van Preste João ryk aan goud en silwer was en dat allerhande vreemde wesens aldaar te vinde was, byvoorbeeld mans met drie oë en met horings op hulle voorhoofde en wat tot tweehonderd jaar oud geword het.[38]

Preste João en sy gevolg het in rooi en wit tente gewoon [**Fig. 6**] en soos nomade van plek tot plek getrek na gelang politieke en militêre omstandighede dit




**Figuur 6. Preste João op sy troon. In die agtergrond is sy luukse tente waarin hy gewoon het en waartoe min persone toegang verleen is.**
(Uit: M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África* (Centro de Estudos de História e Cartografia Antiga, Lisboa, 1988), teenoor p. 66)

---

36 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 137.
37 http://geography.about.com/od/historyofgeography/a/presterjohn; *Encyclopædia Britannica* XVIII, p. 480.
38 K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 13; http://faculty.biu.ac.il/‘barilm/presjohn.

vereis het.[39] Voor die tente was ’n lae gebou met ’n grasdak wat deur sipresbalke gestut was. By die ingang was vier gordyne; die middelste twee van brokaat en die ander van sy. In die gebou was die vloere met kleurryke matte bedek. Om by die ingang te kom, moes besoekers deur twee ruimtes omring met heiningplante beweeg. In die eerste ruimte was baie wagte geplaas.[40] Voor sy tentpaleis het Preste João ’n towerspieël laat oprig waarin hy sy ryk tot aan die uithoeke kon bespied en ook sameswerings sou kon agterkom.[41]

Wanneer Preste João sy hof van een plek na ’n ander verskuif het, is die tente afgeslaan en deur ’n regiment onderdane gedra, terwyl die belangrike persone te perd gery het. In die middel van die optog het Preste João op ’n muil gery, maar oor sy hoof is ’n baldakyn van gordyne gehou om hom te versluier. Voor hom was sy vier gekettingde leeus deur talryke wagte gelei. Agter hom het draers met kruike vol rosynwyn en versierde mandjies vol brode gevolg wat uitgedeel is aan diegene wat hulle langs die pad teengekom het. Dertien gewyde tente, die vors se kerktente, het ’n spesiale plek in die optog ingeneem en agt priesters was vir die vervoer van elke tent verantwoordelik. Twee altaardienaars het voor geloop en ’n kruis omhoog gehou, wierookvate geswaai en ’n klok gelui. Verbygangers moes tot stilstand kom en van hulle rydiere afklim totdat die kerklike prosessie verby was.[42]

Teen 1520, tydens die besoek van Rodrigo de Lima, was die toenmalige Preste João drie en twintig jaar oud en van gemiddelde lengte. Sy gesig het die kleur van ’n rooibruin appel gehad, was rond, maar nie vlesig nie en is omsoom deur ’n jeugdige baard. Hy het groot oë en ’n haakneus gehad. Hy het met sy kroon van goud en silwer op sy hoof gesag uitgestraal en was geklee in ’n sykleed met daaroor ’n bokleed van brokaat en oor sy knieë ’n kleed wat van goue draad geweef was.[43]

In sy een hand het Preste João ’n kruis van gedrewe silwer gedra. Sy koninklike sitplek was op ’n troon wat ses trappe hoog en ryklik met materiaal versier was. Aan sy regterkant was ’n livreikneg met ’n silwer kruis in sy hand, terwyl twee skildwagte met gevelde swaarde aan weerskante gestaan het. Op elkeen van die vier hoeke van die troon het ’n page met ’n brandende kers gestaan.[44] Hy is altyd deur vier

---

39 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 55.
40 G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 105-105.
41 K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 13.
42 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 56.
43 G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 106-107; E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 55; J. dos Passos, *The Portugal story*, pp. 157, 311-313 & 318.
44 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 55; G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 106-107.

gekettingde leeus bewaak.[45] Volgens die omsendskrywe van Preste João uit 1165 was sy septer van soliede smarag en sy ampsgewaad geweef van niebrandbare weefsel met ontwerpe van salamanders daarop.[46]

Onsigbaarheid was deel van die koninklike prestige in Ethiopië. Die heerser het hom slegs drie keer per jaar aan sy onderdane vertoon, naamlik op Kersdag en tydens Paasfees en Pinkster. Gewoonlik het hy onderhoude met onderdane en besoekers van agter ’n gordyn gevoer en wanneer hy van aangesig tot aangesig met iemand in gesprek was, was sy mond en baard met ’n sluier bedek. Die sluier van blou tafsy is slegs by geleentheid deur ’n livreikneg opgelig sodat sy hele gesig sigbaar was.[47]

Preste João het skynbaar aan die Koptiese kerk van Ethiopië behoort, wat die leerstelling aanhang dat Christus slegs een natuur het, in teenstelling met die ortodokse leerstelling dat hy ’n goddelike en menslike natuur het.[48] Preste João het dus geglo dat Maria nie die Moeder van God genoem mog word nie.[49] Volgens oorlewering was Preste João ’n edelmoedige en bekwame heerser. In sy ryk het geen misdaad voorgekom nie, is hoë sedelike norme gehandhaaf, was geen vleitaal, leuens, naywer, armoede en gierigheid nie en het vrede geheers. Dit was letterlik ’n land met ’n oorvloed van melk en heuning, met riviere waarin goud te vinde was, terwyl die land ook oor wondere soos ’n Fontein van [Ewige] Jeug en die Poorte van Alexander beskik en aan die Aardse Paradys gegrens het.[50]

## Portugese belangstelling in en soeke na Preste João

Die ryk van Preste João was baie lank vir die Portugese ’n *obscurissima fama* [vaagweg bekende] streek. Soos in die res van Europa, het die Portugese geglo dat Preste João ’n magtige bondgenoot teen die Moslem-magte, hetsy Turke, Egiptenare, Arabiere of More, sou wees. Die Portugese het veral gehoop dat hulle hom iewers in Afrika sou vind waar hy hulle teen die More kon help.[51]

---

45 J. dos Passos, *The Portugal story*, pp. 157, 311-313 & 318; E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 55.

46 K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 12.

47 E. Sanceau, *Portugal in quest of Prester John*, p. 55.

48 C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, p. 165.

49 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 29.

50 http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John; http://faculty.biu.ac.il/‘barilm/presjohn; *Encyclopædia Britannica*, XVIII, p. 480; http://geography.about.com/od/historyofgeography/a/presterjohn.

51 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, pp. 20 & 35.

Die Portugese se belangstelling in Afrika het hoofsaaklik daarom gegaan om ’n handelsmonopolie aldaar te verkry, om die Moslems van Marokko tydens kruistogte te beveg en om die ryk van Preste João te vind. Eers daarna het Christelike evangelisasie as sekondêre doelstelling gevolg. “Die Indiës” en sy geheimenisse het vir die Portugese ’n bekoring ingehou, want daarvandaan het die gesogte speserye, edelgesteentes en ander eksotiese ware gekom.[52]

Sedert die einde van die 14de en die begin van die 15de eeu is die ryk van Preste João deur die Portugese gelykgestel aan dié van die heerser van Ethiopië [**Fig. 7**] en daarna is pogings aangewend om dáár met hom in verbinding te kom.[53]



**Figuur 7. Die mistiese Christenmonarg Preste João uitgebeeld op ’n perd in hierdie 15de-eeuse Portugese gravure. Let op die Portugese ridder te perd regs, met ’n vlag waarop die wapen van die Portugese koningshuis voorkom. Op die borsplaat van die perd is die kruis van die Orde van Christus duidelik sigbaar.**

(Uit: R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers* (Chelsea House Publishers, New York, 1993), p. 62)

---

52 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, pp. 137 & 243; C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, p. 19.

53 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 138; M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 23; K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 13.

### *In die tyd van prins Henrique, 1440-1460*

Die Infante dom Henrique (1394-1460), by ons beter bekend as Prins Hendrik die Seevaarder, was ’n oorgangsfiguur tussen die mistisisme van die Middeleeue en die onversadigbare nuuskierigheid van die Renaissance; ’n kruisvaarder en ontdekker in een persoon verenig.[54] Prins Henrique was begerig om ’n bondgenoot in sy stryd teen die Moslems te vind en daarom het die gerugte van ’n magtige Christenvors iewers in Asië of Afrika hom geïnteresseer.[55] Die gelowige prins Henrique se ideaal was om die Christendom te dien deur sy seevaarders ten suide van Kaap Bojador langs die weskus van Afrika te laat vaar om die land van die priesterkoning João te bereik wat dieselfde rykdom moes lewer as dié wat die geloofsvyand, die Moslems, beheer het.[56] Die legendes rondom Preste João het prins Henrique wel bekoor, maar sy praktiese ingesteldheid het hom doelgerig daaromtrent laat optree[57] en was een van die redes waarom hy sy beroemde seevaartskool by Sagres gestig het.[58] In die denke van prins Henrique het die polities-godsdienstige betekenis van ’n moontlike Christen-bondgenoot iewers in die onontdekte dele van Afrika of Indië ’n belangrike plek ingeneem. Wat ons vandag as ’n fabel beskou, was vir hom dus ’n werklikheid en deel van praktiese politiek.[59] Handel met Afrika was van primêre belang. Verder wou hy bepaal hoe ver die heerskappy van sy aartsvyand, die More, in Afrika gestrek het.[60]

Historici verskil van mening of prins Henrique ooit aan ’n seeweg na Indië om die Kaap gedink het. Dié wat dink dat dit nie die geval was nie, wys daarop dat die begrip “Indië” in die tyd van Henrique ook Ethiopië ingesluit het – dus ’n Afrikaanse “Indië” wat wel die mikpunt van die Prins was en met die ryk van Preste João verbind kon word. Sommige historici is selfs van mening dat die Portugese nie vóór 1480 bewustelik na ’n seeweg na Indië gesoek het nie.[61]

---

54 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 8.

55 C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, pp. 52 & 154; J. Strandes, *The Portguese period in East Africa* (translator J.F. Wallwork, ed. J.S. Kirkman) (East African Literature Bureau, Nairobi, Dar es Salaam & Kampala, 1968), p. 3.

56 C.J.F. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Academica, Pretoria & Kaapstad, 1969), p. 2.

57 G. Renault, *The Caravels of Christ*, p. 41.

58 J.B. Trend, *Portugal* (Ernest Benn Ltd., London, 1957), p. 133; W.C. Atkinson, *A History of Spain and Portugal* (Penguin Books, Middlesex, 1964), p. 99.

59 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 33.

60 H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika: van die vroegste oorspronge tot onafhanklikheid* (Academica, Pretoria & Kaapstad, 1980), p. 118; D.M. Abshire & M.A. Samuels (eds), *Portuguese Africa: a handbook* (Pall Mall Press, London, 1969), p. 35.

61 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 43 & 61.

In 1435 het die Portugese kerkman Andreas de Escobar, ook bekend as André Dias, in sy *Gubernaculum Conciliorum* die hoop uitgespreek dat die Heilige Land weer herower en alle Christene onder die Heilige Stoel verenig sou word. Pous Eugenius IV (1431-1447) was 'n ander sterk voorstander van 'n verenigde Christendom.[62] In die jare na 1440 het pous Eugenius IV die heersers van Europa, en by name die koning van Portugal, opgeroep om die Moslems te beveg. Hy was begerig om ook met Preste João 'n bondgenootskap te sluit sodat hy die Moslems uit die suide kon aanval. Die pous het aan Portugal die reg gegee om Noord-Afrika van die Moslems te verower, maar die koninkryk van Preste João moes buite hulle invloedsfeer bly.[63] Juis in hierdie tydperk het die gedagte aan Preste João weer sterk by Henrique op die voorgrond getree en het hy in 1442 aan ***Antão Gonçalves*** opdrag gegee om inligting oor die Christenvors in te win omdat hy 'n aansluiting tussen sy ontdekkingstogte en die soeke na Preste João as praktiese politiek beskou het.[64]

Sedert 1402 het Ethiopiese priesters en gesante van die afgesonderde Christelik-Koptiese koninkryk uit die gebied tussen die Nyl en die Rooi See Europa via Jerusalem bereik. Een van hierdie afgesante het Lissabon in 1452 besoek, maar uit latere gebeure is dit duidelik dat die Portugese 'n uiters vae idee gehad het vanwaar hy afkomstig was.[65] In hierdie tydvak was die Portugese van mening dat hulle tydens hulle ekspedisies in Noord-Afrika veel nader aan die ryk van Preste João was as wat werklik die geval was. Dit verklaar waarom hulle onder die indruk verkeer het dat Preste João hulle uit die suide in hulle stryd teen die Moslems van Marokko sou kon bystaan.[66]

Op 22 Maart 1455 het ***Alvise da Cadamosto***, 'n jongman uit 'n gesiene familie van Venesië, in opdrag van prins Henrique na Afrika vertrek. Hy het per toeval op die Kaap-Verdiese Eilande afgekom en daarna by die Gambiarivier 'n jong Genuees, ***Antoniotto Usodimare***, ontmoet wat dieselfde opdrag as hy van die Prins ontvang het: om die Gambiarivier met die oog op 'n moontlike ontmoeting met Preste João te verken. Maar die twee Italianers se sending het weinig opgelewer. Da Cadamosto

---

62 J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, p. 55.

63 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, pp. 162-163.

64 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 26; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 57.

65 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, p. 20; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 12; E. Axelson (ed), *Vasco da Gama: The diary of his travels through African waters, 1497-1499* (Stephan Phillips, Somerset West, 1998), p. 3.

66 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 163.

het ’n tweede reis in 1456 onderneem, maar die negers van Gambië kon hom geen inligting oor die befaamde Preste João gee nie.[67] Die soeke na Preste João het dus tydens die lewe van prins Henrique weinig opgelewer, maar sou nog vir vele dekades na sy dood in 1460 voortduur.[68]

### *Tydens die bewind van koning João II, 1481-1495*

Hoewel koning João II (1455-1495) nie al die verhale oor Preste João geglo het nie, was hy van mening dat ’n bevriende koninkryk in Oos-Afrika ’n groot bate vir sy beplande ontdekkingsreise na die Ooste sou wees, omdat sy vlote daar vir vars voorrade en vir herstelwerk aan die skepe sou kon aandoen. Hy het dus aan al die skeepskapteins opdrag gegee om navraag oor Preste João te doen wanneer hulle aan land gaan, maar ook om boodskappers na die binneland te stuur om inligting oor hom te probeer bekom.[69] As gevolg van die florerende goud- en slawehandel met Guinee was koning João II in ’n posisie om die soeke na Preste João met nuwe ywer voort te sit. Trouens, dit het byna ’n obsessie by hom geword.[70] Koning João II was in veel meer as blote handelswins geïnteresseerd. Sy geopolitieke doelstellings het onder meer behels om Preste João te vind, ’n bondgenootskap met dié heerser te sluit en ’n Moslem-vrye roete om die suidpunt van Afrika na die Ooste te vind.[71]

In 1482 het koning João II sy eerste ontdekkingsekspedisie na Afrika onder leiding van ***Diogo Cão*** (†*ca*.1486) uitgestuur. Cão het die groot riviere, soos die Zaïre en die Kongo, verken met die hoop om persone te ontmoet wat hom dalk sou kon vertel hoe hy met Preste João in aanraking kon kom of, beter nog, self die ryk van Preste João te bereik.[72] Cão het ongeveer ’n maand lank by die monding van die Kongorivier vertoef en daar vriendskaplike verhoudinge met die plaaslike bevolking, die Bakongo, aangeknoop. Hulle het hom vertel dat hulle deur ’n magtige heerser, Manikongo, regeer word en dat sy koninklike stad iewers aan die boloop van die Kongorivier geleë was. Cão was opgewonde toe hy dit verneem het, want dalk was dit die misterieuse koninkryk van Preste João. Hy het lede van sy bemanning daar

---

67 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 60-61.
68 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers*, p. 65.
69 C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, pp. 155-157.
70 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, p. 33.
71 E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600* (C. Struik, Cape Town, 1973), p. 7; M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 33.
72 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 219.

agtergelaat om stroomop na Manikongo te gaan soek, terwyl hy en die res van sy bemanning verder suidwaarts gevaar het. Hy het tot aan die kus van die huidige Angola gevaar en daar omgedraai. Met sy aankoms by die monding van die Kongorivier was die agtergelate bemanningslede nog nie terug van die binneland nie. Daarop het hy vier Bakongo as gyselaars gevange geneem en na Portugal teruggekeer, waar hy in die lente van 1484 aangekom het. Sy tuiskoms het groot opspraak verwek omdat hy moontlik ’n leidraad tot die ligging van die ryk van Preste João gevind het. Die Bakongo-gyselaars is deur koning João II baie goed en soos ambassadeurs behandel, want hy wou hulle na hulle geboorteland terugstuur waar hulle dan aan Manikongo moes vertel hoe goed en welvarend hy was.[73] Hy het gehoop dat hy deur hulle bemiddeling met Preste João in aanraking sou kom.[74] In 1485 het Diogo Cão op sy tweede ontdekkingsreis vertrek, met die opdrag om om die suidpunt van Afrika te vaar. Onderweg het hy weer by die monding van die Kongorivier aangedoen om die vier Bakongo-”ambassadeurs” aan land te sit, maar ook om die bemanningslede wat hy daar agtergelaat het, op te laai. Die verdere verloop van Cão se lewe is in ’n waas van onsekerheid gehul, behalwe dat hy tot by die huidige Kaap Kruis in die huidige Namibië gevorder en daar ’n padrão geplant het. Hy is waarskynlik iewers langs die weskus van Afrika oorlede. Sy afgesante na Manikongo het wel daarin geslaag om Portugal in 1488 te bereik.[75]

’n Sterk militêre vloot onder die bevel van ***Pedro Vaz da Cunha*** is na Wes-Afrika gestuur met die opdrag om die ryk van Preste João deur Senegal te bereik, maar hierdie sending het heeltemal misluk, want hoewel hy in die regte rigting beweeg het, het hy waarskynlik die geweldige afstande en die moeilikhede waarmee die bemanning te kampe sou hê geheel en al onderskat.[76] Bowendien het die sending die riviere aan die weskus van Afrika, soos die Senegal-, die Gambia-, die Niger- en die Zaëre- of Kongorivier, almal verkeerdelik as sytakke van die Nylrivier beskou. [**Fig. 8**] Die reisigers was in elke geval ontnugter en daarom het die omseiling van Afrika om die ryk van Preste João te bereik, al aanneemliker geword.[77]

Twee monnike, ***António de Lisboa*** en ***Pedro de Montarroio***, is in 1486 deur koning João II oor land na die ryk van Preste João gestuur, maar aangesien hulle

---


73 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers*, pp. 68-69; J. Duffy, *Portugal in Africa* (Penguin Books, Baltimore, 1963), p. 39.

74 J. Duffy, *Portuguese Africa* (Harvard University Press, Cambridge, & Oxford University Press, London, 1959), p. 9.

75 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers*, pp. 68-70.

76 J. Strandes, *The Portgueese period in East Africa*, p. 5.

77 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, p. 3.



**Figuur 8. Afrika volgens ’n wêreldkaart wat teen die einde van die 13de eeu geteken is. Preste João word uitgebeeld met ’n kroon op sy hoof en ’n septer in sy hand en hy is geplaas by die oorspronge van die Nyl en die riviere wat in die Atlantiese Oseaan uitmond; ’n aanduiding van waar sy ryk veronderstel was om te wees.**

(Uit: G. Renault, *The Caravels of Christ* (George Allen & Unwin Ltd., London, 1959), p. 43)

geen Arabies geken het nie, het hulle sending misluk en was hulle verplig om by Jerusalem om te draai. Hulle het nietemin heelwat inligting oor Ethiopië ingewin, wat hulle aan die koning oorhandig het.[78] João II het ook ***Duarte Pacheco Pereira*** (*ca*.1460-1533) na die Golf van Biafra gestuur om handelsmoontlikhede te ondersoek en om navraag te doen of daar moontlik ’n trans-Afrikaanse roete daarvandaan na

[78] F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V (Facsimile reprint, C. Struik, Cape Town, 1964), p. 350; J. de Barros, Extractos da Asia, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* VI (Facsimile reprint, C. Struik, Cape Town, 1964), p. 154; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 14; S.R. Welch, *Europe’s discovery of South Africa* (Juta & Co., Cape Town & Johannesburg, 1935), p. 188.

die ryk van Preste João was. Oor laasgenoemde aangeleentheid was die verslag waarskynlik negatief.[79]

In die binnekring van die koninklike hof van Lissabon was die geheimsinnige glorie van Preste João teen 1486 in volle gang en het die omseiling van Afrika 'n onmiddellike doelwit geword; 'n omseiling om die lank-gesoekte Preste João van "Indië" te vind, maar ook met die speseryryke Indië as mikpunt. Die keuse van koning João II het op ***Bartolomeu Dias*** (*ca*.1465-1500) geval om hierdie ontdekkingstog in 1487 te onderneem.[80] Aan boord van Dias se skip was ses Afrikane, waarvan vier vroue was. Sy opdrag was om hulle, goed gekleed en met voorrade goud en ander kosbaarhede, op spesifieke plekke aan land te sit wat moontlik tot handel met die inheemse mense kon lei, maar hulle onmiddellike doelstelling was om inligting oor Preste João in te samel. Elkeen van hierdie persone het ook 'n brief ontvang wat aan Preste João gerig was – ingeval hulle sy ryk sou bereik.[81] Aan die begin van 1488 het die bemanning van Dias se vloot in die omgewing van Algoabaai in verset teen die voortsetting van die reis gekom omdat baie van hulle siek was en die rantsoene al minder geword het, sodat Dias verplig was om teleurgesteld by Rio de Infante, waarskynlik die huidige Keiskamma- of Groot-Visrivier, om te draai.[82] Dias se reis was van kardinale belang: hy het bewys dat die Afrika-kontinent omseil kon word. Andersins was dit teleurstellend omdat hy geen positiewe inligting rakende Preste João bekom het nie.[83]

Op 7 Mei 1487 het koning João II twee afgesante, ***Pero da Covilhã*** (†1526), wat Arabies vlot kon praat en Arabiese gewoontes geken het, en Afonso de Paiva oor land na die ryk van Preste João in Ethiopië gestuur om inligting oor moontlike handel en ander aangeleenthede te versamel. Hulle het, vermom as Arabiese handelaars, via Spanje, Italië en Egipte tot in Aden saam gereis, maar daarna het hulle weë teen April 1488 geskei. Da Covilhã het tot in Indië gevorder, waar hy

---

79 C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, p. 166; E. Axelson (ed), *Dias and his successors* (Saayman & Weber, Cape Town, 1988), p. 10.

80 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, pp. 57-58; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 89; A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 220.

81 M. Kaplan, *The Portuguese*, p. 159; S.R. Welch, *Europe's discovery of South Africa*, p. 97; G.M. Theal, *History of South Africa before 1795: The Portuguese in South Africa from 1505 to 1795*, II (Facsimile reprint, C. Struik, Cape Town, 1964), p. 29.

82 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 107.

83 F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V, p. 350; E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600*, p. 19; H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika*, p. 120.

Kannenor, Kalikoet en Goa besoek het, waarna hy aan die begin van 1489 na Persië en Oos-Afrika, moontlik so ver suid as die Ilha de Moçambique en Sofala, gegaan het. Na sy terugkeer na Kaïro het hy ’n breedvoerige verslag oor sy reis aan koning João II gestuur, maar ook van twee Joodse boodskappers, waarvan een die rabbi van Beja en die ander ’n skoenmaker was, ’n brief ontvang waarin João II hom opdrag gegee het om die ryk van Preste João te vind.[84] Uiteindelik het Da Covilhã Ethiopië teen 1492 of 1493 bereik en aangekom by die hof van Eskander [ook genoem Iskander of Alexander], “Leeu van Juda” en “Koning van Konings”.[85] Skynbaar het Da Covilhã aanvaar dat dié vors die legendariese Preste João was. Die Preste João was baie ingenome met die briewe van koning João II wat Da Covilhã aan hom oorhandig het, maar Da Covilhã is nie toegelaat om die gebied weer te verlaat nie. Hier het hy aan die hof van Preste João in die omgewing van die Dambeameer [Tanameer] gewoon en was hy met ’n Ethiopiese vrou getroud – ten spyte van die feit dat hy ’n vrou en kind in Portugal agtergelaat het. Toe Roderigo de Lima Ethiopië in 1521 besoek het, het hy Da Covilhã ontmoet. Da Covilhã is na 1526 oorlede. Hoewel hy nooit na Portugal teruggekeer het nie, het sy verslag die Portugese die nodige inligting oor handelsroetes, handelsware en moontlike plekke vir die stigting van nedersettings gegee. Dit was waardevolle inligting tydens die voorbereiding vir die ontdekkingstog van Vasco da Gama in 1497.[86]

Soos Da Covilhã, was ***Afonso de Paiva*** ’n edelman en was hy ook Arabies magtig.[87] Volgens oorlewering het De Paiva op sy reis na Ethiopië ’n Joodse reisiger ontmoet. Hulle het reisgenote en goeie vriende geword en De Paiva het die Jood oor die doel van sy reis ingelig. Saam het hulle langs die ooskus van Afrika tot by Ormuz gereis. Dáár het De Paiva siek geword en toe hy besef het dat hy geen

---

84 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, pp. 220-221; E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, pp. 23-30; J. dos Passos, *The Portugal story*, pp. 156-157; C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, pp. 166-168; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 94-97; D. de Goes, Extractos da chronica do felicissimo rei dom Emanuel da gloriosa memoria, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, III, (Facsimile reprint, C. Struik, 1964), pp. 140-141; F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V, pp. 350-351; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 14-16.

85 R. Stefoff, *Vasco da Gama and the Portuguese explorers*, pp. 74-75.

86 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, pp. 220-221; E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, pp. 23-30; J. dos Passos, *The Portugal story*, pp. 156-157; C. Bell, *Portugal and the quest for the Indies*, pp. 166-168; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 94-97; F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V, p. 353; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 16-17 & 141.

87 E. Axelson (ed), *Vasco da Gama*, p. 8.

moontlikheid op herstel het nie, het hy die Jood laat beloof dat hy na Lissabon sou gaan en volledig aan die Portugese koning sou verslag doen van wat hulle gesien, gehoor en beleef het. Die Jood het sy belofte nagekom.[88] Maar De Paiva se uiteinde is in ’n waas van onsekerheid gehul.[89] Livermore en Axelson was van mening dat hy waarskynlik as gevolg van siekte in Kaïro op sy heenreis na of terugreis van die hof van Preste João gesterf het.[90]

In 1488 het koning João II twee Jode, rabbi ***Abrão [Abraham] de Beja*** en die skoenmaker ***José de Lamego***, as afgesante gestuur om die onbekende ryk van Preste João te gaan vind,[91] maar ook om Da Covilhã en De Paiva op te spoor en aan hulle briewe te oorhandig waarin hulle opdrag gegee word om Ormuz ook te besoek. Die twee Jode het na Kaïro gegaan en daar op die aankoms van Da Covilhã en De Paiva gewag. De Paiva was reeds dood, maar hulle het Da Covilhã ontmoet, wat aan José de Lamego ’n brief aan die koning oorhandig het waarin hy volledig omtrent sy reise verslag gedoen het. De Lamego het by Aleppo by ’n karavaan aangesluit en Portugal uiteindelik bereik en die brief van Da Covilhã aan die koning oorhandig. Intussen het Da Covilhã rabbi Abrão de Beja na die Persiese Golf vergesel. By Ormuz het hulle paaie geskei en het die rabbi sy reis na Bagdad voortgesit en daarna na Portugal teruggekeer.[92]

### 3. *Tydens die bewind van koning Manuel I, 1495-1521*

Die opvolger van João II, koning Manuel I (1469-1521), het sy belangstelling in Preste João en die speserye van die Ooste geërf en daarop voortgebou. Nadat Manuel I in 1495 die troon bestyg het, het hy daarna gestreef om betrekkinge met die ontwykende Preste João aan te knoop.[93]

---

88 L. Herrman, *A History of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895* (Victor Gollancz Ltd., London, 1930), p. 16.

89 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 220.

90 H.V. Livermore, *A new history of Portugal* (Cambridge University Press, Cambridge, London, New York & Melbourne, 1976), p. 130; E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, pp. 26-27.

91 M. Kaplan, *The Portuguese*, p. 10; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 97; G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, II, p. 39; F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, V, p. 352; J. de Barros, Extractos da Asia, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* VI, p. 155.

92 F.L. de Castanheda, Extractos do descobrimento e conquista da India pelos Portuguezes, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* V, pp. 352-353; L. Herrman, *A History of the Jews in South Africa*, pp. 16-17; G. Renault, *The Caravels of Christ*, p. 95.

93 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, p. 35; E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, p. 34; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 135.

Toe ***Vasco da Gama*** (ca.1469-1524) op 7 Julie 1497 met sy vloot van Lissabon af op sy epiese vaart vertrek het, het hy padrões aan boord gehad, maar ook briewe van koning Manuel I geadresseer aan Preste João “van die Indiese lande” en aan die heerser van Kalikoet indien hy hulle sou ontmoet.[94] Nadat Da Gama aan die begin van Maart 1498 onderweg na Indië by die Ilha de Moçambique aangekom het, het hy daar van die Arabiere verneem dat die ryk van Preste João nie ver daarvandaan was nie en dat hy talle stede aan die kus besit waar handelaars woon wat met groot skepe vaar. Preste João se woning was volgens hulle diep in die binneland geleë en kon slegs op die rug van ’n kameel bereik word.[95] Dié inligting het Da Gama se bemanning so verbly dat hulle vreugdekrete geuiter en God gevra het om hulle die gesondheid te gee sodat hulle dit mag beleef waarna hulle so uitgesien het.[96] Later het dit geblyk dat die ryk van Monomotapa met dié van Preste João verwar is. Ook vertellings deur inheemse mense oor strukture in die binneland, waarskynlik Groot-Zimbabwe, is deur die Portugese met Preste João in verband gebring.[97]

Soos in die geval van Vasco da Gama, was een van ***Pedro Álvares Cabral*** (1460-1526) se opdragte voor sy vertrek na die Ooste in Maart 1500 polities-religieus van aard, naamlik om Christene aldaar op te spoor en hulle aan te moedig om saam met ander Christene die Moslems die stryd aan te sê.[98] Toe Cabral se vloot Malindi in besoek het, het hy twee *degradados* [oortreders wat uit Portugal verban is], ***João Machado*** en ***Luís de Moura***, aan land gesit met die opdrag dat hulle oorland na Ethiopië moes gaan en soveel inligting as wat moontlik is oor Preste João moes inwin.[99] Een van hierdie *degradados,* Machado, was ’n lid van ’n vooraanstaande

---

94 H.V. Livermore, *A New history of Portugal*, p. 137; W.J. Barnes, *Portugal: gateway to greatness* (Edward Stanford Ltd., London, 1950), p. 105; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap,* p. 135.

95 J. dos Passos, *The Portugal story*, p. 168; E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530,* p. 40; S.R. Welch, *South Africa under King Manuel I, 1495-1521* (Juta & Co., Cape Town & Johannesburg, 1946), pp. 40-41; E. Axelson (ed), *Vasco da Gama*, p. 36.

96 E. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600,* p. 26; E. Axelson (Ed), *Vasco da Gama*, p. 36.

97 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 185 & 194, n.56.

98 J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, pp. 57 & 59.

99 E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, p. 51; W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap,* p. 176; G.M. Theal, *History of South Africa before 1795,* II, p. 95; M. de Faria e Sousa, Asia Portuguesa, *in* G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa*, I (Facsimile reprint, C. Struik, Cape Town, 1964), p. 8; D. de Goes, Extractos da chronica do felicissimo rei dom Emanuel da gloriosa memoria, *in* G.M. Theal, R*ecords of South-Eastern Africa* III, p. 96; J. de Barros, Extractos da Asia in G.M. Theal, *Records of South-Eastern Africa* VI, pp. 204-205.

Portugese familie en goed opgevoed, wat as gevolg van ’n ongeoorloofde liefdesverhouding in onguns geraak en na die Ooste verban is. Hy het later daarin geslaag om Goa te bereik, maar het in 1517 tydens ’n ekspedisie aldaar omgekom.[100]

Manuel I het die moeilike taak om Preste João op te spoor vervolgens aan padre ***João Sanches*** opgedra. Sanches was vergesel van ***João Gomes*** en ***Sid Muhammed***, ’n Tunisiese Moor wat as gids opgetree het. Die driemanskap het aan boord van een van die skepe van ***Tristão da Cunha*** (*ca*.1460-1540) se vloot op 5 April 1506 uit Portugal vertrek en het by Malindi aan land gegaan. As gevolg van die vyandigheid van die inheemse bevolking, het hulle nooit die reis verder voortgesit nie en het ’n vlootkaptein, Francisco de Tavora, hulle in Maart 1508 daar aangetref en na ***Afonso de Albuquerque*** (1453-1515), die Portugese onderkoning in Indië, geneem. De Albuquerque het aan hulle geld gegee om hulle reis voort te sit, asook ’n brief wat hulle aan Preste João moes oorhandig. Hulle het wel tot in Ethiopië gevorder, maar nooit weer na Portugal teruggekeer nie. Preste João was toe ’n seun van onder twaalf jaar en sy stiefgrootmoeder, koningin Helena, het namens hom regeer.[101] Tydens die ses jaar (1509-1515) wat Afonso de Albuquerque die Portugese onderkoning in Indië was, het hy die Portugese ryk in die Ooste gevestig. As gésel van Islam in die Ooste, het sy groteske planne onder meer ingesluit dat hy met die hulp van Preste João die Nyl na die Rooi See wou uitkeer om Egipte sodoende te vernietig. De Albuquerque het koning Manuel I se pogings om die befaamde Preste João te vind kragdadig gesteun, met as doel dat die Preste die Mamelukke in die rug kon aanval. [102]

Op 24 Februarie 1514 het ene ***Mateus*** uit Indië by die koninklike hof van Manuel I in Portugal opgedaag. Hy het homself as ’n ambassadeur van Preste João voorgestel. Hy is deur Afonso de Albuquerque, destyds die Portugese goewerneur in Indië, na Portugal gestuur en het ’n geloofsbrief van koningin Helena, die regentes in die plek van die jeugdige heerser van Ethiopië, aan koning Manuel oorhandig. In die brief het Helena geskryf dat Sanches en Gomes in Ethiopië aangekom het en dat sy Mateus as ambassadeur na Portugees-Indië stuur met die boodskap dat sy en Preste João bereid is om die Portugese in hulle stryd teen die Moslems te steun. Helena het ook gemeld dat sy met Mateus ’n kruisie, gemaak van die hout van die

---

100 E.F. Robinson, *With the Da Gamas in 1497: a story of adventure* (Juta & Co., Cape Town, Johannesburg, etc., 1922), p. 36.

101 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 17-18; G. Renault, *The Caravels of Christ*, p. 97.

102 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, pp. 199 & 210; K.G. Jayne, *Vasco da Gama and his successors*, p. 101.

kruis waaraan Jesus gekruisig is, as geskenk aan koning Manuel stuur. Sy het voorts die hoop uitgespreek dat die koninklike kinders oor en weer met mekaar in die huwelik sou tree. Manuel I het die kruisie in ’n silwer dosie in ’n geknielde posisie en met betraande oë van Mateus in ontvangs geneem. Manuel het vir dié waardevolle relikwie ’n goue relikwiehouer deur sy beste goudsmede laat maak. Sy opvolger, koning João III (1502-1557), het die relikwie later aan die Pous geskenk.[103]

Mateus het ’n jaar aan die hof van Manuel I vertoef voordat hy via Goa na Ethiopië teruggekeer het. Met sy vertrek was Mateus verstom oor die ryklik versierde bed, ’n tafel met inlegwerk, symateriaal wat met gouddraad versier is, houers van goud, versierde wapentuig en houers met alles wat vir die viering van hoogmis nodig was, wat as geskenke van die koning aan Preste João ingeskeep is. ***Duarte Galvão*** (*ca*.1446-1517) is in 1515 afgevaardig om Mateus na Ethiopië te vergesel en as Portugese ambassadeur aan die hof van Preste João op te tree. Hulle het op 7 April 1515 uit Lissabon vertrek en op 2 September 1515 in Goa aangekom. Onderweg na die Rooi See is Galvão op 9 Junie 1517 op die eiland Kamaran oorlede.[104] Teen die einde van 1515 is Afonso de Albuquerque deur Lopo Soares de Albergaria as goewerneur van Indië opgevolg. Laasgenoemde het Mateus as ’n Moorse spioen beskou, hom aangehou en sleg behandel, sodat die Ethiopiër eers vyf jaar later met die aanvang van De Albergaria se opvolger, Diogo Lopes de Sequeira, se regeringstyd na sy geboorteland kon terugkeer, maar hy is op 23 Mei 1520 onderweg oorlede en in ’n klooster by Bizan begrawe.[105]

Die voorlaaste Portugese diplomatieke sending wat in opdrag van koning Manuel I na die ryk van Preste João vertrek het, was dié onder die leiding van padre ***Francisco Álvares***, ’n sekulêre priester van Coimbra. Álvares het Ethiopië in 1520 bereik en ook daarin geslaag om Da Covilhã op te spoor. Álvares was teleurgesteld om te vind dat Preste João ’n half-barbaarse heerser van ’n arm, bergagtige koninkryk was. Hoewel party van die gebruike in die Ethiopiese kerk vir Álvares vreemd was, het hy hulle nooit as ketters beskou nie en het hy nie gehuiwer om in hulle kerke te

---

103 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 20-25; G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 97-98; S.R. Welch, *South Africa under John III, 1521-1557* (Juta & Co., Cape Town & Johannesburg, 1948), p. 7.

104 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 33-41 & 141; M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, pp. 60-61; G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 98-99.

105 G. Renault, *The Caravels of Christ*, pp. 99-100; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 35-37, 46 & 141.

aanbid nie.[106] Hy moes ’n goeie indruk op Preste João gemaak het, want in 1533 is hy na Rome as geakkrediteerde gesant van Preste João by pous Clementius VII (1478-1534), maar laasgenoemde het die volgende jaar gesterf. Hy is in 1534 deur pous Paulus III (1468-1549) opgevolg, maar die nuwe pous het geen erg aan Preste João gehad nie. Dit was moontlik die geval omdat daar in Preste João se ryk geen teoloë was wat die kerk aldaar se geloofsbelydenis behoorlik kon formuleer nie. Die gevolg was dat padre Álvares uiterste spanning ervaar en dikwels aan die huil gegaan het omdat hy nie daarin kon slaag om Preste João deel van die Christelike gemeenskap van Europa te maak nie. Teen die einde van 1536 het Álvares in Rome gesterf. Gelukkig het twee van sy vriende die waarde van sy pennevrugte besef en dit in 1540 laat publiseer. So het ’n literêr hoogstaande reisjoernaal en sy beskrywing van die lewenswyse in Ethiopië gedurende die 16de eeu vir die nageslag behoue gebly.[107]

Teen 1520 het groot bedrywighede in Afrika plaasgevind. Dit wou voorkom asof Portugal skielik besef het dat sy besittings en invloedsfere in Afrika moontlikhede inhou. Een van die uitvloeisels daarvan was dat Portugal weer ’n ambassadeur, ***Rodrigo de Lima***, na Preste João gestuur het. Een van sy opdragte op 25 April 1520 was om inligting oor die Nyl en ander groot riviere, asook oor die Cabo de Boa Esperança in te samel. Oor laasgenoemde moes hy vasstel of die Kaap deel van Ethiopië is.[108] Rodrigo de Lima, die laaste Portugese ambassadeur wat deur koning Manuel I na Ethiopië gestuur is, se aankoms op 10 Oktober 1520 by die hof van Preste João het nie veel aandag getrek nie, want pas vantevore het Preste João se magte daarin geslaag om die beroemde Emir Mahfuzh op die vlaktes van Zeila te oorwin en dit het groot opwinding veroorsaak. De Lima is wel hoflik ontvang en ’n koninklike tent is tot sy beskikking gestel. Omdat hy bewus was dat koning Manuel I vir hom geskenke gestuur het, het Preste João De Lima laat weet dat hy graag die geskenke in ontvangs sou neem, maar ’n oudiënsie met die vors sou eers op 19 November 1520 aan die Portugese ambassadeur verleen word nadat sy geduld tot die uiterste beproef is. De Lima het nietemin sy verblyf aan die hof van Preste João geniet en hy en sy geselskap het na jare se verblyf in Ethiopië na Portugal

---

[106] E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 102; M. Kaplan, *The Portuguese*, p. 34; C.R. Boxer, *Four centuries of Portuguese expansion, 1415-1825: a succinct survey* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1961), pp. 18 & 36.

[107] E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 103; S.R. Welch, *South Africa under John III, 1521-1557*, pp. 194-196.

[108] E. Axelson, *South-East Africa, 1488-1530*, pp. 150-151 & 262; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 44-45 & 141.

teruggekeer waar hulle op 24 Julie 1527 aangekom het. Sy opdraggewer, koning Manuel I, het reeds etlike jare tevore op 13 Desember 1521 gesterf. [109]

**Betekenis en neerslag van die Preste João-legende**

Kenners van Ethiopië se geskiedenis kon in hulle navorsing geen spore van die bestaan van die ryk van Preste João vind nie. Trouens, hulle het vasgestel dat die legende van Preste João nie algemeen in Ethiopië bekend was voordat die gebied met die Europeërs in aanraking gekom het nie. Nadat akademici, soos die Duitse oriëntalis Hiob Ludolf [Job Leutholf] (1624-1704), “the most illustrious name in Ethiopic scholarship”, in die 17de eeu bewys het dat daar geen natuurlike verband tussen Preste João en die heersers van Ethiopië bestaan het nie, het die ryk van Preste João vir goed van wêreldkaarte verdwyn. Maar die legende het vir eeue ’n groot invloed op die Europese en wêreldgeskiedenis gehad en direk en indirek Europese ontdekkingsreisigers (veral Portugese), sendelinge (veral Franciskaners en Dominikane), geleerdes en skattejagters aangespoor om met hulle take voort te gaan.[110]

Hoewel baie geleerdes tans die ryk van Preste João bloot as ’n fantasie beskou, het dit tog positief bygedra om die Europeërs se geografiese horison te verbreed, want dit het hulle gestimuleer om in vreemde lande belang te stel en ontdekkingsreise buite Europa te onderneem.[111] Die soeke na die ryk van Preste João lyk na een van die doodloopstrate van die geskiedenis, want dit wil voorkom asof dit nêrens heen gelei het nie. En tog, met hoeveel entoesiasme is dit nie vir meer as ’n eeu deur Portugese onderneem nie![112] Die mite van Preste João is van die allergrootste belang vir die verstaan van die doelstellings van die Portugese ontdekkingsreise en die wyse waarop dit aangepak is,[113] want koning Manuel I se byna fanatieke soeke na die mistieke “priester-koning” iewers in die lande rondom die Indiese Oseaan het grootliks daartoe bygedra dat hy sy huiwerende, maar merendeels gelowige en liggelowige raadgewers op godsdienstige gronde kon oortuig dat met die ontdekkingstogte voortgegaan moes word.[114] Die eeue-oue legende van die magtige ryk van Preste João het tydens die Renaissance ook ’n heilsame uitwerking op binnelandse ontdekkingsreise gehad; dit was naamlik ’n sterk dryfveer wat die Portugese aangemoedig het om die hinterland van Afrika te verken.[115]

---

109 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 50-56, 65 & 141.
110 http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John & http://www.newadvent.org/cathen/12400b.
111 http://geography.about.com/od/historyofgeography/a/presterjohn.
112 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 138.
113 A.H. de O. Marques, *History of Portugal* I, p. 137.
114 C.R. Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825*, pp. 37-38.
115 J.R. Hale, *Age of exploration* (Time-Life International, Amsterdam, 1971), p. 163.

Die Portugese het ’n verbete stryd teen die Moslems gestry en het gehoop dat hulle in Preste João ’n sterk bondgenoot sou vind, maar wat nog belangriker was, was om die Ooste met sy kosbare handelsware met die hulp van Preste João te bereik, want die rykdom wat so verkry kon word, sou die sluitsteen van die stryd teen die Moslems vorm.[116] As magtige bondgenoot teen die Moslems, het Preste João uiteindelik nie aan die Portugese se verwagtings voldoen nie.[117] Trouens, in 1542 moes Portugese soldate in opdrag van die Pous die ryk van Preste João van die Moslems red. Die idee van ’n bondgenootskap het gevolglik in die 16de eeu vinnig getaan.[118] Ten slotte het die Portugese besef dat Preste João nie was wie hulle gedink het hy sou wees nie en daarom het hulle probeer om hom na hulle eie denkbeeld te omvorm. Dié droom het vervaag en uiteindelik in die niet verdwyn.[119]

Talle Portugese afgesante na Preste João het òf onderweg gesterf òf spoorloos verdwyn. Sowat vierhonderd Portugese het hulle lewens opgeoffer tydens die soektogte en sendelinge het tevergeefs geprobeer om die mense van Ethiopië deel van die Rooms-Katolieke kerk te maak. Dit wil voorkom asof Portugal in geen opsig by die soektog na Preste João gebaat het nie. Tog moet onthou word dat hierdie Portugese pioniers nie net vir persoonlike materiële gewin na Preste João gaan soek het nie, maar dat hulle ’n ideaal nagestrewe het – al was dit dan ook ’n dwaallig! Die soeke na die ryk van Preste João het iets gemeen gehad met die soeke na die Koninkryk van God. Dit is hoe dit alles in die mistisisme van die vroeë Middeleeue begin het.[120]

Dit is duidelik dat Preste João, hoewel behorende tot die Ethiopiese Koptiese Kerk, vir homself in die Rooms-Katolieke Kerk ’n posisie wou beding.[121] In ’n tyd waarin etniese en religieuse spanning hoogty gevier het, was Preste João vir Europese Christene ’n simbool van die universaliteit van die Kerk wat oor kultuur- en geografiese grense gestrek het om die ganse mensdom in te sluit.[122] Die bestaan van ’n mitologiese ryk van Preste João iewers in die onbekende het uiteindelik die simbool van ’n Christelike ideaal geword.[123] Ander het weer beweer dat hy die dwaalleer van die Koptiese en Siriese Christene aangehang het, naamlik dat Christus

---

116 S.R. Welch, *South Africa under King Manuel I, 1495-1521*, p. 9.

117 W.C. Atkinson, *A History of Spain and Portugal*, p. 116.

118 W.J. de Kock, *Portugese ontdekkers om die Kaap*, p. 114, n.12.

119 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 139.

120 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, pp. 138-139.

121 J.A. Hammerton (ed), *Concise universal biography* IV (Educational Book Co., London, n.d.), p. 1113.

122 http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John.

123 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 29.

slegs ’n goddelike natuur besit het. Dat Preste João moontlik ’n aanhanger van ’n dwaalleer was, het die Portugese min geskeel. Solank hy homself maar as ’n Christen beskou het en hulle in hulle stryd teen die Moslems kon help, was hulle gelukkig.[124] Ten slotte is Preste João, eens die bolwerk van die Christelike geloof teen die mag van Islam en die bondgenoot van wie Portugal so baie verwag het, deur die Rooms-Katolieke Kerk as ’n ketter uitgekryt.[125]

Die Portugese se soeke na die fabelagtige ryk van Preste João het wel daartoe gelei dat Portugal en Ethiopië goeie betrekkinge aangeknoop het.[126] Danksy die Portugese se militêre ingrype in 1541 tot 1543 is die Turke verhoed om Ethiopië binne te val en die Christene daar uit te wis. Daarna het die Portugese ’n Jesuïete-sending daar gelaat wat waardevolle werk gedoen het en ook hulle waarnemings aldaar te boek gestel het, maar hulle is in 1634 uit Ethiopië verban.[127]

Hoewel die soeke na Preste João beëindig is, het die legende voortgegaan om skrywers te inspireer. In sy *Travels* uit 1356 het sir John Mandeville op groot skaal van die gegewens in Preste João se briewe gebruik gemaak. In 1378 het Preste João en die Drie Wyses uit die Ooste in Johannes von Hildesheim (*ca*.1315-1375) se *Historia Trium Regum* hulle verskyning gemaak.[128] In Duitsland het Wolfram von Eschenbach (*ca*.1170-*ca*.1220) in sy *Parzival* die legende van die Heilige Graal met dié van Preste João vermeng.[129] In 1598 het William Shakespeare (1564-1616) sy toneelstuk *Much ado about nothing* geskryf waarin verwysings na Preste João voorkom. In 1910 het die Britse skrywer en politikus John Buchan (1878-1940) die legende in sy *Prester John* gebruik as aanvulling tot die verhaal van die Zoeloe-opstand in Suid-Afrika. Charles Williams (1886-1945), ’n prominente lid van die 20ste eeuse literêre groep, die Inklings, het in 1930 Preste João die bewaarder van die Heilige Graal in sy *War and Heaven* gemaak. Preste João en sy ryk figureer ook prominent in Umberto Eco (*1932) se roman *Baudolino* wat in 2000 verskyn het.[130]

Terwyl twee Kapusyners in 1860 deur die bergagtige suidwestelike deel van Ethiopië gereis het, het hulle van ’n heilige vlag te hore gekom. Dié vlag is een keer

---

124 G. Renault, *The Caravels of Christ*, p. 91.
125 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 103.
126 M.E.M. Santos, *Viagens de exploração terrestre dos Portugueses em África*, p. 66.
127 C.R. Boxer, *Four centuries of Portuguese expansion, 1415-1825*, p. 36; E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 143.
128 J. Villiers, Vasco da Gama, Prester John of the Indies and St. Thomas Christians, *Oceanos* 33, January/March 1998, p. 55.
129 http://www.newadvent.org/cathen/12400b.
130 http://en.wikipedia.org/wiki/Prester_John.

per jaar deur die plaaslike gemeenskap in ’n plegtige prosessie gedra. Volgens oorlewering was dit die banier van die plaaslike stamhoof se voorvader wat eeue gelede as ’n Christen van ’n land ver oor die see daarheen gekom het. Een van die reisigers het die vlag te siene gekry: die ou vlag van Portugal. In die jare tagtig van die 19de eeu het ’n Oostenryker, dr. Philip Paulitschke (1856-1899), die primitiewe Galla-stamme van Harrar in Ethiopië besoek en gevind dat hulle ’n swaard vereer. Volgens oorlewering het die swaard aan ’n groot held behoort wat eeue gelede die gebied besoek het. Toe Paulitschke die heilige wapen bekyk het, het hy vasgestel dat dit ’n 16de eeuse Portugese swaard was.[131] So leef Portugese pioniers en hulle nasate wat nooit na Portugal teruggekeer het nie in die vae tradisies van vreemdelinge voort.

Skuins agter die Stadsaal van Port Elizabeth staan ’n gedenkteken vir Preste João en die Portugese seevaarders wat van 1145 tot 1645 probeer het om met hom in aanraking te kom. [**Fig. 9**] Dit is in die vorm van ’n Koptiese kruis, ’n belangrike Middeleeuse Christelike simbool, met ’n beeldegroep bestaande uit Preste João en ’n Portugese seevaarder in die sirkelgedeelte van die kruis in brons. By die beeld van Preste João is die “Leeu van Juda”, ’n olifant en ’n renoster, terwyl die Portugese koninklike wapen, ’n karveel, ’n armillaarsfeer en ’n astrolabium by die beeld van die seevaarder voorkom; onderskeidelik simboliese voorstellings van die Ethiopiese en Portugese wêrelde. Die kruis staan op ’n voetstuk van marmer waarop die inskripsies in Portugees, Afrikaans, Engels en Xhosa aangebring is. Die beeldhouer was Phil Kolbe. Die gedenkteken is in 1986 deur Johan Eggers aan die Stad Port Elizabeth geskenk en op 3 Mei 1986 deur die destydse Portugese ambassadeur in Suid-Afrika, dr. J.M.P. de Villas-Boas, onthul.[132] Dit is sover bekend die enigste monument wat ooit vir Preste João opgerig is en dit is betekenisvol dat dit juis in Suid-Afrika staan.

---

131 E. Sanceau, *Portugal and the quest of Prester John*, p. 139.

132 B.J. Baker, *Dias and Da Gama: the Portuguese discovery of the Cape sea-route* (Struik Publishers, Cape Town, 1989), p. 24; *Voz Portuguesa*, 05.03.2005, p. 6.



**Figuur 9. Gedenkteken vir Preste João en die Portugese seevaarders wat probeer het om met hom in aanraking te kom. Dié Koptiese kruis met die beeldegroep in die sirkel, wat deur Phil Kolbe gebeeldhou is, is in 1986 in Port Elizabeth onthul.**
(Foto: O.J.O. Ferreira (2005).